

Jerzy Koch

‘Die wêreld se toomlose onderstebokeer-passie’ — die boerehuis, arbeid en etniese mobilisasie in *Bywoners* (1919) van Jochem van Bruggen

Eerste voorlegging: Oktober 2002

Bywoners (1919) deur Jochem van Bruggen toon heelparty tematiese kenmerke van die plaasroman, hoewel dit novelle-agtig kort is en ’n hele paar jaar vroeër verskyn het as D F Malherbe se *Die Meulenaar* (1926) en C M van den Heever se *Op die plaas* (1927) — twee werke wat in een asem genoem word as daar sprake is van die eerste Afrikaanse plaasromans. In die artikel word veral gekonsentreer op die ruimtebeelding in *Bywoners*: die manier waarop destydse boerewonings voorgestel is; die ruimtelike plasing van huise en opstalle; die verankering van hierdie uitbeelding asook die sosiaal-kritiese implikasies daarvan in die verhaelopset. Die uitbeelding van arbeid en etniese mobilisasie kry bykomend in hierdie verband aandag. As slotargument word aangevoer dat Van Bruggen se sosiaal-kritiese en gevolglik didaktiese oogmerke met *Bywoners* spesifiek gemik was op die verandering van die geestesgesteldheid van die verarmde Afrikaners van sy tyd.

The world’s insatiable desire for inversion: the farmhouse,
labour and ethnic mobilisation in *Bywoners* (1919) by
Jochem van Bruggen

As brief as a novella, and published years before D F Malherbe’s *Die meulenaar* (1926) and C M van den Heever’s *Op die plaas* (1927) — generally cited as the first Afrikaans pastoral novels — *Bywoners* (1919) by Jochem van Bruggen nevertheless shares many of the characteristics of the pastoral novel. This article focuses on Van Bruggen’s portrayal of the milieu: the representation of the farmhouses of the time and the spatial situation of houses and other farm buildings. It demonstrates that both this portrayal and its socio-critical implications are firmly anchored in the narrative. The depiction of labour and ethnic mobilisation is also examined in this regard. In conclusion, it is argued that Van Bruggen’s socio-critical and hence didactic objective in writing *Bywoners* was to effect a change in the mentality of the impoverished Afrikaners of his day.

Prof J Koch, Navorsingsgenoot, Dept Afrikaans & Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300 & School of English, Adam Mickiewicz-Universiteit, Al. Niepodleglosci 4, 61-874 Poznan, Pole; E-pos: jerzykoch@poczta.fm

As die begin van die Afrikaanse plaasromantradisie ter sprake kom, word partykeer na *Bywoners* (1919) verwys as een van die eerste verwerkings van die temas en motiewe wat later, veral in die jare dertig, die basis van hierdie Afrikaanse subgenre sou vorm (vgl Ampie Coetzee 1990: 46; 2000: 99, 107). En tog, as 'n mens die lengte en die uitwerking van die storie bekyk, is hierdie werk van Jochem van Bruggen sekerlik geen roman nie en kan dit ook kwalik 'n plaasroman wees.¹ *Bywoners* het 'n oorgangstydperk as onderwerp, maar is nietemin geskryf vóór die depressie van die jare 1929-1932 en vóór die droogte van 1932 en 1933 wat baie dikwels die tematiese agtergrond van die Afrikaanse plaasromans vorm. Die novelle is ook enkele jare ouer as *Die Meulenaar* (1926) van D F Malherbe en *Op die plaas* (1927) van C M van den Heever — twee werke wat in een asem genoem word as daar sprake is van die eerste Afrikaanse plaasromans (vgl Roos 1998: 25; Lubbe & Wiehahn 2000: 154). Met die publikasiedatum 1919 val *Bywoners* eintlik ook net buite die literatuurhistoriese ordening wat die nuutste periodisering van die plaasromantradisie deur Hansie Lubbe & Rialethe Wiehahn (2000).²

Aan die ander kant is daar immers opmerklike ooreenkomste tussen *Bywoners* en temas en motiewe wat tradisioneel in die plaasroman verwerk word. Die verhaal speel af in 'n periode wat al vier seisoene van die jaar omvat;³ dis tipies vir die plaasroman wat die seisoensgebonde aktiwiteite van die mens as agtergrond gebruik en die verandering in die jaargetye in verband te bring met die mens se stemming en psigiese ontwikkeling. Daar word reeds in die titel aangedui dat gefokus sal word op die groep uitgeboerde boere (vgl Schoonees 1939: 45) — 'n sosiaal-ekonomiese verskynsel wat in baie plaasromans getematiseer is. In *Bywoners* is daar ook 'n besondere band tussen

1 Elize Botha (1999: 645) noem die werk “die novelle-agtige ‘Bywoners’ van sestig bladsye”.

2 Lubbe & Wiehahn (2000) onderskei in die ontwikkeling van die plaasroman drie periodes: die Afrikaanse gedagte (1920-1956), die internasionale gedagte (1956-1976) en die Afrikagedagte (1976-1994).

3 Die verhaalverloop is eintlik langer as agtien maande (vgl 64) maar die belangrikste in hierdie geval is die presentasie van 'n volledige sirkel van jaargetye (vir alle verwysings na en aanhalings uit *Bywoners* word die uitgawe uit 1985 (Van Bruggen 1985) gebruik, in die artikel word net die bladsy aangedui).

mense en natuur, waardeur Van Bruggen die grond en die werk op die plaas as 'n "a source of meaning" (Coetzee 1988: 88) voorstel. Die stad word ook deur hom as sinoniem met sedelike verval, ekonomiese bedreiging en verengelsing voorgestel en as daar Afrikaners is wat iets met die stad te make het, is dit net tydelik.⁴ Maar die storie laat bowendien minder swaar en selfs hilariese fasette van die boerelewe sien soos gebruike by die slag van 'n vark (59-61), verwelkoming van die werkers met die oggendkoffie (31, 57), bygeloof (49-50), boererate en boererepte vir kwale (50-4, 65), of manne se "slimpraatjies" (58-60) wat die verteller op 'n ironies-gemoedelike trant presenteer.

Ook die karakters se uitbeelding toon baie ooreenkomste met die latere plaasromans. In hierdie verband kan verwys word na die tradisionele siening van die vrou (24-5) waar moeder langs die naaldwerk-kissie sit (24, 75), dogter koffie vir haar pa op die stoep bring of land toe dra (25, 75) en "die huisgesin gelukkig saamleef" (25). Die vrouens speel hulle rolle ook op 'n ander manier: om die beeld presies weer te gee, moet melding gemaak word van die verwysings na flukse vrouens (28) en vrouens wat aansien geniet (30). 'n Voorbeeld hiervan is outant Grieta wat weet hoe om met siekte om te gaan (54) of gedurende die slagtery baas is oor almal want dit "val onder haar boerdery en daarin is sy koning" (57).

In die novelle is daar geen ruimte om menslike portrette volledig saam te stel nie, maar 'n mens kry darem die indruk dat hoe laer die sosiale posisie van die vrou is hoe beter word sy geskets. Die leser kom selfs nie die naam van die plaasbaas se vrou te wete nie en die bywoners se eggenotes word op hulle beurt psigologies beter geskilder na mate hulle laer op die maatskaplike leer staan: eers outant Grieta Willemse, 'n koning-bywoner se vrou, dan Hendriena de Klerk, 'n stadsvrou wat met haar man Alwyn die myne verlaat het om te gaan boer, en uiteindelik die kromrug-Bettie Sitman, die armste sukkelaar se "onbeduidende vroutjie" (67) van wie daar selfs die gedagtegang en emosionele twyfels weergegee word. Maar in *Bywoners* ont-

4 Hierdie tydelike kennismaking met die stad vind ons by Alwyn de Klerk, die boereuseun, wat na die kinderjare op 'n plaas 'n mynwerker word, dan self gaan boer en hom uiteindelik in die dorp vestig of in die geval van Jaap Gouws, 'n bywoner, wat deur materiële noodsaak gedryf word om na die myne te gaan, maar dit verlaat en later na die oorlog trek.

breek eintlik 'n afgeronde en oortuigende vroulike persoonlikheid — ten spyte van die verteller se tipiese uitlatings oor “ons egte boerevrouens” wat gekenmerk word deur “die ferm aanpak, die moedhou onder swaar, die taai volharding en onbreekbare geduld in boerderysake” (44).

'n Mens kan sê dat dieselfde ook vir die mans geld met dié verskil dat daar aan die plaasbaas — soos dit die patriargale tradisie betaam — relatief baie plek toegeken is. Dit val op dat die Afrikaanse manlike boerefigure reeds in *Bywoners* draers is van bepaalde motiewe wat later tot die vaste motiewekern van die plaasroman sou behoort. Andries Vry, die plaaseienaar met “'n eerwaardige voorkoms”, “met patriargale kop, wat alles raaksien” (24), is een van talle verteenwoordigers van die patriargale ordening en die agrariese lewensbeskouing; dit spreek vanself dat hy 'n Bybelvaste ouderling is (23, 35) “en in alles erken en eerbiedig hy die leiding en wil van God” (23). Jaap Gouws, wat moeg raak vir die ellende op die plaas, in die myne gaan werk en later na die oorlog na Duits-Oos trek, sluit aan by die talryke figure in die Afrikaanse prosa wat hulle moeilike materiële situasie probeer verbeter deur die plaaslewe prys te gee. Alwyn de Klerk — wat omgekeerd die stad vir die plaas verruil om te doen “wat ons Afrikaners kan doen, dis boer” (26) — introduceer 'n hele reeks karakters wat tot dieper insig kom en met lewenslus na die plaas terugkeer en/of wat die boereplaas as beskutting sien teen die onheil en gevare van die wye wêreld. En ten slotte kan die hulp wat die bure aan die familie Sitman verleen (66-71), gesien word as manifestasie van die supra-individuele bewussyn wat eis dat 'n harmonieuse verhouding tussen die individu en die kollektiwiteit tot stand gebring word.

Ten spyte van die feit dat daar geen handelende swart personasies is nie, ontbreek dit nie aan tydsgebonde passasies oor die “kaffervolk” se leefwyse en ekonomiese posisie nie (38, 43-4). En tog rig die verhaal sy kritiese blik veral op die lae ontwikkeling van die bywoners (bv 30, 66, 68-9). As 'n mens dit in verband bring met die opmerkings oor die geaardheid van die “Engelse” (27, 72) of “Jode” (26, 46, 73) dra *Bywoners* klaarblyklik tekens van etniese mobilisasie:

En waar die verstandige harmonie bestaan, word die geringste voorspoed gewaardeer, word die onvermydelike teenspoed, wat elke boerdery oplewer, maklik om te dra, omdat wedersydse opbeuring nuwe moed gee en kragtige hoop verwek. Waar dit afwesig is, skep onver-

skilligheid of moedverlore 'n ordelose lewe van doelloos rondtrek en 'n gestadige verslegting (28).

Kortom — die mees prominente temas in die plaasroman (soos die verwantskap tussen Afrikaner en natuur, die nadruk op die grond/plaas as bron van betekenis, die teenwoordigheid van nasionaal en/of persoonlik lyding en die onderskeid tussen egte en onegte Afrikaners is alles in verskillende vorme en mate reeds in *Bywoners* aanwesig (vgl Coetzee 1988: 82-114; Van Coller 1995: 236-50; Koch 2002: 243-341).

Hierdie opsomming van ooreenkomste tussen Van Bruggen se novelle en die plaasromans, wat 'n mens reeds by die eerste lees raaksien, kan uitgebrei word na 'n detailanalise (meer nog: 'n mens kan die groeipunte in sy werke aandui wat eers deur latere outeurs ontgin is).⁵ Maar van hierdie kwessie, wat algemeen geformuleer kan word as die vraag in watter mate *Bywoners* aan die plaasroman se eienskappe beantwoord, word daar in hierdie bydrae veral een element ondersoek: die uitbeelding van die ruimte. In die eerste plek word gekyk na die manier waarop boerewonings voorgestel word, na die ruimtelike lokaliserings van huise en opstalle en ook nog na die verankering van hierdie beskrywings in die verhaallyn. Daar word verder ingegaan op die uitbeelding van arbeid en etniese mobilisasie.

Die groeiende aantal moderne plaasromans maak dit langsaam hand moeilik om nog steeds oor die variasies, verwerkings of herskrywings van die ou plaasroman te praat — soms wil dit voorkom of daar baie meer herskrywings as oorspronklike tekste is!⁶ Die geabstraheerde kenmerke van die ou of historiese⁷ plaasroman is in baie

5 Die hawersny-toneel in *Bywoners* kan hier as goeie voorbeeld dien; dit kan teruggevind word in *Die meulenaar* van D F Malherbe, *Somer* van C M van den Heever, *Boplaas* van Boerneef of *Oestyd* van G A Watermeyer (vgl Kannemeyer 1965: 28).

6 Die volgende voorbeeld getuig daarvan dat die assosiasies rondom die plaasroman in die jare negentig wesentlik verander het. Terwyl Etienne van Heerden (vgl Le Roux 1987: 6) aan die einde van die tagtiger jare die term “plaasroman” as etiket vir sy *Toorberg* met oortuiging van die hand gewys het, het Marlene van Niekerk en Eben Venter in 2002 in persoonlike gesprekke met my opgewonde vertel dat hulle besig is met die skryf van moderne plaasromans.

7 In 'n vroeëre publikasie (Koch 2002: 282) pleit ek vir die gebruik van die term historiese plaasroman met betrekking tot die werke tot 1956 (vgl ook die periodiseringsvoorstel van Lubbe & Wiehahn 2000).

gevalle ook nie meer bruikbaar by die klassifikasie en beskrywing van die kontemporêre plaasroman nie. Die moderne ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur dwing as 't ware 'n nuwe — en dalk meer geregverdigde — benadering tot die plaasnarratief af. Dit het 'n soort metodologiese noodsaak geword om al minder te praat oor die plaasroman as sodanig en al meer oor die plaas in die roman.

Die vraag is dus of die vroeë uitbeelding van die plaashuis in *Bywoners* reeds kenmerke vertoon van die verwerking van hierdie motief in latere plaasromans. Alvorens die ruimtelike en etniese dimensie analiseer word, word die verhaal binne tydsbestek geplaas.

1. *Bywoners* as tydgenootlike verhaal

Bywoners is eintlik 'n reeks sketse waaraan 'n mens 'n ondertitel sou kon gee soos “Sketse van die Afrikaanse buitelewe”, “Tonele uit ons dorp” of liever “Sketse/Tonele van Andries Vry se plaas” want die dekor van die verhaal vorm die plaasgrond van hierdie “eersteklas witman” (23). Oom Andries tree sterk na vore veral in die begin en aan die einde van die storie. Sy figuur span 'n boog oor hierdie verhaal wat 'n belangrike omkering op die Afrikaanse platteland toon: die wegtrek van die bywoners en die aanpassings wat die baas op sy boerdery moet invoer, is simbolies vir die aanbreek van die nuwe tyd.

Aan die begin van die boek beweer Andries Vry dat dit “origheid” is om die werk op sy plaas te moderniseer; hy wil geen “nuwerwetse gedoentes” op sy landerye hê nie: “Ons mense versleg langs die beste masjien, want hulle lywe rus en hulle gedagtes woel” (24). Die storie begin toe Vry as eienaar van die grootste plaas in die distrik “sy ou lyf lekker uitrus op die breë stoep” (24): hy sit in sy boereleuningstoel en kyk na die landerye (25) en skrik met die tweeloophaelgeveer die swerms vinke af. Vanuit hierdie verhoogde en verhewe posisie wat herinner aan *Monarch-of-all-I-survey* (vgl Pratt 1992) is hy selfs in staat om die wedywering te volg tussen die hawersnyers op sy land (33); hierdie situasie laat 'n mens dink aan 'n leenheer wat na die mededinging van sy onderhoriges kyk. Die plaasbaas in sy hoedanigheid as patriarg is ook iemand wat “oor die vreemde verhoudinge in die lewe” nadink en “oor die onbestendigheid van die mens” wonder (35). Sy boerdery vertoon “'n rustige egaalheid”:

Selde is daar verbetering of 'n uitbreiding waar te neem. Alles bly in die ou sleur, volgens die gewoonte, wat sy opvoeding hom geleer het (23).

Dis hierdie “rustige ‘lokaliteit’” (Kannemeyer 1965: 1) wat die latere skrywerskap van Van Bruggen sou kenmerk.

Teen die einde van die verhaal — nadat die Eerste Wêreldoorlog uitbreek het — is hierdie boer “kort van hande” (74) omdat sy bywoners, verlok deur “'n uitlandse gees” (72), die plaas begin verlaat: “Sy hart heg alte vas aan gemeensame lewe, waarin hy as 'n koning was. Hy voel die jare druk en sy ou hart is dood vir die nuwigheid.” (75). Hy wat in die ou dae “'n uitsoeksnyer” (33) was, het later lekker met die verkopers van moderne landbougereedskap gesels maar nooit iets gekoop nie (23-4) en eerder die handarbeid van sy bywoners gebruik. (In hedendaagse terme sou 'n mens hom op daardie stadium 'n werkverskaffer kon noem). En nou moet hy by gebrek aan mense 'n snymasjien bestel om op sy hawerlande te kan oes. Meer nog: hy moet in sy ouderdom self werk “soos hy voor die Anglo-Boereoorlog laas gewerk het” (74). Die simbool van die nuwe tye is die dowwe kleur van die leuning van sy groot stoel op die stoep en dit is “asof die troue meubel treur, omdat die groot gestalte so selde nou kom neersak en merkbaar ligter druk” (74-5).

Belangrik vir die interpretasie van die verhaal is die feit dat dit nie net die mense met hulle “onhoubare posisie” (35) as bywoners is wat gedwing word om hul lewensstyl te verander nie.⁸ Dit is ook oom Andries wat sy groot boerdery moet aanpas en nie meer op die ou manier kan boer nie. Hy wat na 1902 in staat was “om, in betreklik kort tyd, sy woning en werf van verwoesting se merke reg te dokter” (23), begin na 1914 te sukkel met sy boerdery (74): dis “die wêreld se toomlose ondersteboker-passie” (72). En daar is oor die algemeen wesentlike mentale veranderinge in die wedersydse verhouding tussen die Afrikaners onderling want wanneer die wêreldoorlog

8 Toe dit geblyk het dat die regering goed vir die deelname aan die oorlog in Duits-Oos betaal en elke kind 'n toelaag kry “het die blink van die oorlog se verleiding in die karige bywonershuisies kom skyn en het die een na die ander vir Andries Vry kom verlaat” (73). Die nuwe denke oor die werk kom deur Jaap Gouws; hy is die draer van die simptome van die nuwe mentaliteit.

uitbreek, klim die pryse en het die eibelang “die gulle gees van vroeër laat verdwyn” (66).

Dat *Bywoners* in baie opsigte ’n tydgenootlike verhaal is, blyk te-gelyk duidelik as ’n mens na die vertelde tyd in die teks kyk en dit met die publikasiedatum vergelyk. Die teks is in 1919 kort na die Eerste Wêreldoorlog geskryf en gepubliseer en later saam met ander verhale en sketse, wat Van Bruggen sedert 1914 laat druk het, gebundel in *Op veld en rande* uit 1920. *Bywoners* verbeeld ook die periode omstreeks 1914: kort vóór en ná die uitbreek van die oorlog. Philip John (1991: 117) wys ook op die aktualiteitswaarde van die storie en beklemtoon dit vanweë die fokus op arbeid in *Bywoners*:

Die bywoners wat op Oom Andries Vry se plaas woon, verteenwoordig elkeen ’n sekere vorm van arbeid wat in die laboratorium van die verhaal getoets word aan die behoeftes van die tyd. Die verskillende houdings ten opsigte van arbeid word hiërargies in die verhaal gerangskik.

’n Verdere aspek wat die verhaal in tydverband plaas, hou verband met die gebrek aan idealisering van die verlede tyd. Die eietydse moeilikhede wat Van Bruggen se generasie geken het en waarmee die bywoners gekonfronteer word, projekteer die outeur nie op toeka se tyd toe alles beter gegaan het nie. Reeds in die eerste paragraaf van die teks is daar sprake dat dit Andries Vry na die Anglo-Boereoorlog nie aan hulp ontbreek het nie “want baie verarmde boere was maar te begerig om ’n sitplekkie te kry as bywoner in daardie dae” (23). Onomwonde stel die verteller verder: “omdat oom Andries op soveel plekkies bywoners het, gaan sy werk voorspoedig en gereeld” (24). Dit verander teen die einde van die verhaal “nou die gesukkel in sy boerdery so baie sorge skep” (74).

Indien die leser dus ’n idealisering van die verlede in *Bywoners* kan waarneem, dan is dit in die eerste plek met betrekking tot Andries Vry wat vroeër geprofiteer het van die verarming na 1902 — “’n stil tyd van besinking na die oorlog se rumoer en sorge” (23). Daar is in *Bywoners* geen hunkering na ’n vervloë tyd en ook so te sê geen idealiserende verwysing na die beter tye in die ou dae nie.

Hiermee hang saam die prentjiesagtigheid van *Bywoners* wat ’n mens kan saamvat in die voorgestelde ondertitels “Sketse” of “Tonele”. André P Brink (1980: 97) verbind daarmee selfs sy waardeoordeel en

skryf: “Die opset bly klein [...] maar die wyse waarop die kleiner dramatiese moment geryg word aan die snoer van die epiese, is meer as net verdienstelik”. ’n Mens moet dit in verband bring met die etimologie van die term “idille” wat oorspronklik ’n “beeldjie” sou beteken het.⁹ Op hierdie idilliese dimensie van die verhaal word daar weer ingegaan.¹⁰

2. Ruimte van die boerehuise

Oor die skryfkuns van Jochem van Bruggen is daar dikwels gesê dat die ontwikkel van ’n intrige nie die sterkste kant van sy skrywerskap was nie. Grové & Strydom (1985: 8) merk tereg op dat die mense in *Bywoners* simplisties gesien word en dat ’n mens hulle byna met ’n adjektief kan beskryf. Wat Etienne Leroux veertig jaar later in *Sewe dae by die Silbersteins* daadwerklik met een enkele woordjie doen,¹¹

- 9 Die kritiek van Renate Böschenstein (1967: 2-3) as sou die “Bildchen-Deutung” vir die idille heeltemal foutief wees, is ook kenmerkend vir Seyffert (1992: 177) se benadering, maar die wortels van hierdie vergissing kan tot die Bisantynse skolastiek teruggevoer word.
- 10 Die artikel bied nie ruimte om oor die idilliese kenmerke van die ouer Afrikaanse literatuur, by name die plaasroman, uit te wei nie. Dit is tog opmerklik dat die Poolse skrywer en teoretikus, Kazimierz Brodzinski, in 1818 en 1823 betoog het dat die idille (*sielanka, bukolika, idylla*) ’n genre is wat tipies vir die Slawiese volke en veral baie karakteristiek vir die Poolse letterkunde uit die sewentiende en agtiende eeu is. Brodzinski sien in die idille ’n sekere moreel-filosofiese kategorie van “geluk in beperking” wat volgens hom die nasionale gees van die Pole weerspieël. Hierdie gees sou gevorm word deur die veredelende invloed van die werk op die land en van die verdedigingsoorloë wat gevoer is teen barbaarse aanvallers. Daar is sekere raakpunte tussen hierdie siening van die plek van die idille in die Poolse literatuur en die Afrikaanse benadering van die plaasidille.
- 11 “De rest van het gezelschap [behalwe Henry van Eeden] wordt met de aanspreekformules getypeerd en voor het overige verhaal als platte personages met een dominant kenmerk afgebakend: ‘die *slank Mrs Silberstein*’, ‘die *twee vaal Misses Silberstein*’ en ‘*bertogin*’; in het geval van twee afgewerkte randfiguren ‘*dr. Johns*’ en ‘*regter O’Hara*’ wordt deze afbakening en tevens vervreemding in de hand gewerkt door het steeds weer herhalen van respectievelijk hun titel of functie. Zo wordt de hoedanigheid waarin en het karakter waarmee ze optreden vast omlijnd en slechts Jock Silberstein, vader van Salome, ontkomt als enige aan deze afgrenzing” (Koch 2002: 435).

bereik Van Bruggen deur die karakteristieke name: die vanne wat hy aan die mense gee vertel genoeg oor hulle basiese geaardheid. Die bo-baas Andries Vry is die enigste protagonis wat — ten minste aanvanklik — vry is van die daaglikse sorg en wat nie nodig het om self te werk nie. Die arme sukkelaar Cornelis Sitman, “wat sit waar hy sit” (42), ly volgens ander Afrikaners aan ’n “luisiekte” (31) omdat hy “vyand van alle vaste werk” is (29). Jaap Gouws is een van die groep mense waaroor die verteller opmerk dat hulle skielik “spontane voornemens [opvat] om die wêreld in te trek” (31); ook Gouws neem gou sy besluit om na die stad te trek. En Willemse word voorgestel as die belangrikste bywoner wat deur beslisheid en vaste wil gekenmerk word. Hierdie vanne staan dus volledig in die agtiende- en die negentiende-eeuse literêre tradisie en gee die eerste en sterkste aanduiding van die belangrikste karaktertrekke van die personasies.

Deur die gebruik van die meervoudsvorm in die titel suggereer Van Bruggen dat daar ’n prentjie van ’n groep geskets gaan word. Die spektrum van individue waarop gefokus word, is wyer as ’n mens in ’n novelle kan verwag. Dis veral deur die aantoon van baie klasseverskille dat ’n beeld ontstaan van ’n heterogene gemeenskap: naas die grootboer ook die klein grondbesitters en die huurders met of sonder voldoende kapitaal.¹² Dit is interessant dat die outeur ’n direkte verband lê tussen die mense se verskeidenheid en die geboue s’n:

Daar is baie verskeidenheid in die bywonermaatskappy op Andries Vry se plaas. Hulle opstalle dra die kenmerke van hulle eienskappe; onverskilligheid, tevredenheid, ambisie (28).

In hierdie oorsig behoort daar by die woning van die plaaseienaar begin te word. Dié huis pas by Andries Vry se status en sy posisie as patriarg wat uittroon bo die bywonersgemeenskap: sy “forse huis met die breë stoep hou wyd die landerye in die oog en daarop wag ’n sterke boereleuningstoel vir die gesette lyf van Andries Vry” (24). Daar is nie baie beskrywings van die werf, geboue of land nie, maar daar bestaan ook geen twyfel oor waar die sentrum is van die wêreld

12 Die verskeidenheid kon in werklikheid baie groot wees en daar was ook in die verlede oermodelle beskikbaar. In *Clat boek* van Louis Trigardt (vir die eerste keer deur Gustav Preller in 1917 uitgegee) kom Willem Strijdom voor wat die latere bewerker T H le Roux (1982: XXXIII) as bywonertipe karakteriseer.

wat beskryf word nie. Die woning van die plaaseienaar is aan die een kant die spilpunt van die boerdery-aktiwiteite: voor hulle gaan sny, kom die werksmanne in die oggend na die agterhuis en drink hier die koffie wat oom Andries vir hulle aanbied (30-1); aan die ander kant is die plaashuis ook die geestelike sentrum want die “ruime voorhuis” dien as plek waar Vry as ouderling die diens “vir sy gebuurte” hou (23). Hierdie sentrale ligging van die plaashuis word beklemtoon deur die posisie van die bywoners teenoor die “koningskraal” van Andries Vry en deur die duidelike uiterlike verskil tussen sy woning en die omringende boerderye: “Versprei oor die plaas lê hulle klein boerderye. Rousteenmure, ’n hupdak van gras en ’n plat agter is hulle wonings [...]” (28).

’n Goeie beskrywing van die huis met die onmiddellike omgewing gee Van Bruggen in die geval van Alwyn de Klerk. Die aandag vir hierdie bywoner spreek vanself as ’n mens onthou dat hy op sy pa se boerdery opgegroeï het, daarna in die myne gewerk het en hom nou met sy gesin op die plaas wil (her)vestig. Die beskrywing van die grond wat Alwyn en Hendriena de Klerk van oom Andries huur, laat ’n mens aan ’n idilliese plek dink: afgeleë, ver van die wêreld, lê ’n stuk grond omring deur heuwels; daar is ook ’n fontein en ’n bergstroompie, en die tortelduif stoot sy “simpele tortellied” uit (37). Hendriena, die stadsvrou, is vanaf die begin “verruk oor die lieflike, stil plek, die baie, baie blomme” (38). Vir die prakties-denkende Vry lyk die plek minder geskik om te boer: aanvanklik wys hy daarop dat dit “so uit die koers” lê (26), dan noem hy ’n Engelsman en sy vrou wat die plek die jaar vantevore gehuur het en dit moes opgee (27). De Klerk wat aan myntering ly, wil oom Andries van die teendeel oortuig en prys “daardie stukkie grond, bo in die rante” aan (25) deur te sê: “die plek geval my. Daar is blomme vir my vrou en die suiwerste lug vir my” (26). En so word die langwerpige kom grond aan die gewese mynwerker verhuur.

Die meeste elemente van die idilliese plek kan ’n mens hier herken. Rante en heuwels laat ’n mens aan Arkadië dink, dws die bergstreek in die middel van die Peloponnesus wat die dekor van die arkadiese literatuur gevorm het. Fauna (singende voëls), flora (blomryke velde) en akwatiese motiewe (murmelende stroompies) (vgl Seyffert

1992: 178) is ook tipiese kenmerke van die Middeleeuse paradysidille wat tot clichés ontwikkel het.

Toegerus met die werklike en ingebeelde kennis (38) gaan die egpaar met hul twee kinders hulle op die verre plek vestig. Van wat hulle daar aantref, gee Van Bruggen 'n prentjie wat in latere plaasromans steeds weer sal terugkeer. Dis 'n beeld van die natuur wat oor die mens en sy werk (huis, werf en plaas) heers: die “ou bewerkte akkers het weer veld geword” (37) en die wapaad is begroei en het in 'n voetpaadjie verander. Uit hierdie wilde groei “steek 'n bouvallige huisie naby 'n fontein, so sku uit 'n wolk van kosmos in ongestoorde bloei en klou gladde akkedisse aan die skurwe mure vol lewendige rus” (37).

Wat De Klerk sien, stem ooreen met die beeld wat die plaasbaas geskets het. Slegs volgens hom was die blomme nie mooi nie want die Engelsman “het die plek vervuil met daardie wilde blomme, rondlopers noem ons hulle, wat nou so vermal groei, of hulle die huisie met geweld wil inneem” (27).

In hierdie prentjie speel die akkedis 'n belangrike rol as dier wat die verlate en bouvallige huis as 't ware in besit geneem het; soos trouens 'n ander akkedis wat George in *Na die geliefde land* (1972) van Karel Schoeman (1988: 49, 51) op die ruïne van Rietvlei sien. Die bouval simboliseer die broosheid van menslike inspanning, die verganklikheid van die ruimte wat deur die mens bewoon en toegeëien is en ook nog die onbestendigheid van die mens se bestaan as sodanig (vgl Koch 2002: 316). Die toekomstige woonplek van die De Klerks word omring deur bossies en behoort eers met die intrek van die mense weer in 'n tuiste omgeskep te word. Hulle sien dit as hulle opdrag en uitdaging — die wilde natuur moet oorwin word want “dit was hulle lewensideaal om eendag te gaan boer” (37).

Maar spoedig verloor die plek sy ideale trekke ook vir die bewoners en voel hulle hier alleen; ook hier skuil die realistiese dimensie van Van Bruggen se werk wat in die Afrikaanse literatuur die wegswaai van die groot historiese onderwerpe markeer (Botha 1987: 9-10). Op dié plek heers “die suiwer eensaamheid” (37) en selfs die getiktik van die kat se kloutjies oor die vloere maak die indruk dat hulle onderkome 'n “ongesellige huis” is (38). Hierdie situasie het bepaalde gevolge. Nadat De Klerk hom verseker het dat Cornelies Sitman “messelwerkies en ander reparasies aan die huis sou kan verrig” (39),

stem hy in dat Sitman en sy gesin hulle op sy grond kom vestig. Sitman van sy kant bly herhaal dat hy enige ding kan doen “van skoene versool tot ’n huisie se dak opsit” (39) en dat hy die geskikte persoon is om hand by te sit in die nuwe boerdery.

Wat die gewese mynwerker nie ingesien het nie is die feit dat daar “geen enkele besigheid [is], wat in verhouding tot sy opbrengs, soveel arbeid eis, as ’n boerdery nie” (43). Hendriena verander mettertyd van die “lewenslustige vroujie van vroeër in ’n sentimentele dromster” (45) en daar is nie baie wat hierdie “dromerige vroujie” (67) kan opbeur nie. Sy blyk “geen gebore boerevrou” (44) te wees nie en verwaarloos selfs haar fraai blomtuin (44).

Daar is momente van huislikheid (“In die kombuis langs die es, waarop ’n gesellige suikerboskoolvuur smeul, is dit nou die beste plek.” (47)), maar oor die algemeen blyk hierdie plek op aarde geen lieflike oord te wees nie. En so het Alwyn se “skone verwagtings [...] nie naby die verwesenliking gekom nie” (44). Dieselfde word oor Driena gekonkludeer wat haar lus vir die boerdery verloor “want min van haar boerevrou-ideale het sy in werklikheid gesien” (44). In die woorde van Bettie Sitman is die De Klerks as stadsmense “mos ander mense as ons [...] hulle natuur is mos heeltemal anderster!” (50, vgl ook 51 en 52). Uiteindelik trek Alwyn de Klerk dorp toe “nadat die lieflike plek daar in die rante hom amper bankrot gemaak het” (74).

’n Vergelyking tussen Cornelies Sitman en Willemse lewer ’n goeie voorbeeld van hoe verskillend die bywoners gehuisves is. Terwyl die eerste “die onderpunt” (29) van die bywonergemeenskap vorm en net danksy die goedhartigheid van ander mense sy gesin kan onderhou, is Willemse nie net “die baassnyer van die distrik” nie (33), maar boweal die regterhand van die plaaseienaar. Hy sou ook met gemak vir hom self kon boer. Sy huis en opstal maak dit vir elkeen duidelik: “Daar is sy woning van rooi baksteen met parmantige gewels; gerieflik en netjies binne deur betreklike welvaart. Op sy werf wys kraal en waenhuis, dat Willemse ’n koning-bywoner is” (29).

Vir Willemse is oom Andries nie net baas nie maar “ook sy vrind” (29). Selfs hulle vrouens is bevriend (30) en Andries Vry se dogter Siena “is baie gek na outant Grieta en gaan kuier dikwels vir haar” (30). Om hierdie komplekse wedersydse verhouding te beskryf, word die opvallende beeld van geboue gebruik: “onsigbare drade weef ’n

magtige netwerk om sy opstal met oom Andries Vry se woning in te vang” (29). Die verduideliking hiervan word nie net gegee deur die parallele formulering dat oom Andries van sy kant ook “baie gek” (29) is na Willemse se seun Albert nie, maar veral in die laaste beeld van die verhaal. Dit toon Willemse wat by Andries Vry op sy breë stoep sit en terwyl hulle na die hawerlande kyk wat op die oes wag, is hulle kinders, Siena en Albert, agter in die huis besig. Albert het vroeër reeds lank hier kom kuier (61) en alles wys daarop dat die verhouding waarskynlik later beseël sal word met die verlowing van die kinders: “Toe die sterk boereseun, blosend van innerlike geluk so op die stoep staan, voel oom Andries ’n wonderlike lewe in sy ou hart” (75).

Dit lei na die laaste woorde van die verhaal wat ten spyte van al die negatiewe verwickelinge en die neerdrukkende omstandighede tog ’n positiewe indruk op die leser behoort te maak: “Oom Andries voel die nuwe lewe in sy ou hart stroom” (75). Dit lyk asof dit net ’n kwessie van tyd is voordat Siena en Albert gaan trou. Wat dus in die vooruitsig gestel word, is die versekering van die kontinuïteit van generasies op die plaas.

Die kloof wat gaap tussen Willemse wat ’n pagter is en Cornelies Sitman wat soos ’n Streuveliaanse *krotwoner* leef en die landproletariaat verteenwoordig, word nie net uit Willemse se besondere verhouding met die plaaseienaar duidelik nie. Die verskil tussen die twee bywoners blyk ook uit die feit dat Willemse “twintig Neelsies in een dag sou kon doodwerk” (42) en dat Sitman bang is vir Willemse (30); wanneer hy in die nag vir outant Grieta, Willemse se vrou, hulp kom vra, klop hy “soetjies” en roep haar op “gedempte” toon (51). Die verskille in sosiale posisie kom ook tot uitdrukking in die verskil tussen hul wonings. “Daar is ’n uitgeteerde murasie op Andries Vry se plaas, onder ’n sinkdak, met lutterige vensterluike so klein soos hoenderhokdeurtjies, waarin die armoede broei van Sitman en sy gesin” (28).

Hierdie behuising pas by Neelsie se mentaliteit: sy kwale vermenigvuldig en hy het nooit lus vir gereelde werk nie (46). Die gevolg is dat Sitman sy eie boerdery op oom Andries se plaas “nie meer [onderhou] nie”, hy is daarvoor “te sleg” (29). Hy leef van knutselwerkies by die plaaseienaar en later by De Klerk. In die omgewing is hy bekend vir sy bedelary by die huise van die baas en ander bywoners want in plaas van om reëlmatig werk te soek, stap hy liewer met

'n kussingsloop of 'n suikersakkie rond (en stuur later selfs sy kinders uit). Hierdeur het hy die bynaam "meeldiaken" gekry (29, 59, 65).

Later — wanneer Sitman die bywoner van Alwyn de Klerk word (wat op sy beurt Andries Vry se bywoner is) — word daar op De Klerk se gehuurde grond "n hartbeeshuisie somaar gou-gou opgesit" (41). Die huisie is "sleg opgetrek" (64) en tog het Sitman hom daar "as 'n koning so vry gevoel" (42). In "vergelyking met hulle vroeër bestaan, in die broeihuisie by Andries Vry" (45) was die verskil aanvanklik groot. Die loon wat Neelsie vir sy hulp gekry het, was klein maar genoeg om "die bywoner-huisgesin 'n lewe as witmense [te] verskaf en met oorleg selfs 'n ordentlike lewe." (55). Sitman bring dit by neef Alwyn selfs so ver dat hy sy eie oes voor sy oë sien. Maar ongelukkig "in plaas van 'n aanmoediging, was dit vir hom enkel 'n gerusstelling vir die tydelike en sy kwale het begin te vermenigvuldig, namate hy lusteloser geword het vir die gereelde werk" (45-6). Die situasie herhaal hom dus want ook oom Andries het reeds vroeër vol ergernis oor Sitman gesê — toe hy nie vir die werk opgedaag het nie — dat "n mens met Sitman geen kleinhuisie kan dek nie" (31).

Tog is die "hartbeeshuisie op die rante" (62) geen luukse nie. Dis vir elkeen 'n wonder dat die onderkome die leeftyd van agtien maande bereik het. En De Klerk wat uiteindelik van sy bywoner ontslae wil raak, "het stil berekenings gemaak hoe lank daardie hartbeeshuisie nog sal kan bly staan en hy het party dae, as die wind sterk waai, goeie moed gevat" (65). Die Sitmantjies slaap "in 'n hoek op mekaar gekruip, onder ou streepsakke en stukkies afgedankte kombes" (55). Daar is net een stoel en vir die res seepkissies as meubels. Diens as die voordeur vervul "n kasplankdeur, opgehou deur ou skoenleerskarniere" (56) en 'n mens moet buk om uit te gaan (71). "Die blote feit dat hy nie heeltemal in die buitelug met sy gesin lewe nie, hou hom tevrede met sy woonplek" (64).

Sitman wat in baie opsigte 'n voorloper vir Ampie was, is reeds 'n tipiese Van Bruggen-figuur met sy eienaardige tussenbestaan, tussen chaos en orde (Botha 1987: 46). Die hele sesde hoofstuk dra die titel "In die Hartbeeshuisie" en speel grotendeels af by die Sitmans op 'n moment toe die oorlog uitbreek het. Die materiële situasie word erger want al die bywoners probeer vashou aan wat hulle het en daar is net die plaasbaas wat vir Korneels nog "n peuselwerkjie" (66) gee.

Uiteindelik begin Sitman sy kos steel want “die oop hoenderneeste op die argelose boerewerwe was vir hom baie verleidelik” (66). Voor die bywonersgesin — soos die predikant dit uitdruk — lê nou ’n wêreld van “gebrek en sonde” oop (70). In hierdie uiteinde van die ontaarding veg die materiële agteruitgang met die geestelike om die voorrang. Die reaksie van ander mense bly nie uit nie en die “kafferkrot” (64) van die Sitmans word besoek deur die plaasbaas en die predikant:

Van armoede in sy ellendigste openbaring spreek die krot, waarin witmense bestaan in gestadige verslegting. Orals prop die ellende uit die gehawende mure, met stukke goinglappe — en die yle lagiesdak is ruig-verwaai. Daar binne in die enkele vertrek, wat diens doen as slaapkamer en kombuis, hang ’n vasgegroeide rooklug, en eenkant beduie ’n kraak-ou katel van hout, waar die ouers, met hulle nuwe suigeling, en ’n hoop sakke in die hoek, waar die kinders kan inkruip, as die donker of koue hulle kooi toe ja. ’n Bot onderworpenheid het ’n behoefte om te kla in Bettie gebreek en sy sit op ’n seepkissie en wieg die nuwe babetjie [...] (64).

Die poging om die Sitmantjies in ’n weeshuis ’n opvoeding te gee “soos enige kind van christelike ouers” (66) misluk. In Bettie wat as ’n “Madonna op die seepkissie” afgeskilder word, ontwaak die vlam van moederliefde ook al begin sy “die skuld voel van versuim” (69): “En in haar taai oë kom trane en haar blik is vol liefde op haar suigeling wat sy vasdruk” (68).

Nadat De Klerk na sy mislukte eksperiment met die boerdery dorp toe getrek het, bly die Sitmans vir ’n rukkie “alleen in die wye ruimte met ’n hartbeeshuisie wat inmekaar wou sak” (74) en besluit dan om na die ou plek by Andries Vry terug te keer.

3. *Bywoners* as boek van vele wonings: enkele gevolgtrekkings

Die beskrywing van huise speel in *Bywoners* geen prominente maar ook geen onbeduidende rol nie. Die huise is in die eerste plek ’n moontlikheid wat die outeur vir homself geskep het om die boeregemeenskap te differensieer.¹³ Bo die ander troon die plaseienaar Andries Vry uit. Hy waak soos ’n patriarg oor die eenvoudige geluk van

13 Daar is ook ander elemente wat dieselfde differensierende rol speel, byvoorbeeld die houding van boere teenoor arbeid (John 1991: 117).

sy bywoners en as dit nodig is, vermaan hy hulle vaderlik. In teenstelling tot die ander huise is sy huis fors en waarskynlik ook hoër geleë want die breë stoep maak dit moontlik om sy landerye in die oog te hou. Maar oom Andries kyk nie net nie: hy praat met sy mense, is jammer as hulle die plaaslewe los en van “die ou en beproefde” (26) paaie afdwaal, is bereid om grond te verhuur aan die verstedelike Afrikaner wat wil boer en hy help die swakste in die gemeenskap. Verder is daar die bont verskeidenheid van bywoners: van ’n koningbywoner tot ’n ewige sukkelaar. Hulle huise help Van Bruggen om ’n bepaalde atmosfeer te skep. Daar is ook sekere parallele tussen die skets van huise en die beskryf van mense en hulle houding ten opsigte van werk: daar word oor die algemeen meer ruimte afgestaan aan die moeilike en komplekse mense en die wat maklik of vanselfsprekend is, word net fragmentaries met ’n growwe kwas weergegee. Omdat die outeur veral op die probleem van die arm bywoners fokus, konsentreer hy op Cornelies Sitman en Alwyn de Klerk en eers dan maak hy plek vir Jaap Gouws en Willemse. Hierin herken ’n mens die tipiese benadering van Van Bruggen wat dikwels mindere figure skets en belangstelling toon in die pikareske personasies: “die sosiaal uitgewekene, die paria of die ‘anderste’” (Brink 1980: 97).

Myns insiens is dit net in die geval van die hartbeeshuisie van die “verwaarloosde huisgesin” (74) van die Sitmans dat die outeur dit reggekry het om werklik ’n stemming binne ’n ruimte te skep. In ander gevalle is dit veral iets in die nabyheid van die huis wat in die kollig staan; in die afsonderlike gevalle vorm die volgende die belangrikste speelruimte vir die gebeurtenisse: die lieflike omgewing met sy plantegroei (De Klerk), die werf waar gewerskaf word tydens die varkslag (Willemse) of die stoep wat as ’n uitkykpos dien (Vry). Die soeklig val nadruklik op Sitman en sy huisie. Dit wil voorkom of Van Bruggen nie net besig is om die manier waarop bywoners leef te skets en op die moderniseringsveranderinge te reageer nie, maar ook — en veral — om kritiek uit te spreek op die gedragspatrone van die boere.

Maar die saak is kompleks, omdat die outeur se houding as ambivalent getipeer kan word. Dit sien ’n mens by die beskrywing en beoordeling van Jaap Gouws se “join” vir Duits-Oos en die trek van ander bywoners na die oorlog om “’n goewermentstjek” (73) vir hulle

Acta Academica 2003: 35(3)

gesinne te verkry (73-4). Hulle gedra hulle soos die *werkmannen* in Stijn Streuvels se werk wat na 'n suikerfabriek *naar de Walen* trek: die gedrag van konkrete karakters word nie deur die verteller goedgepraat nie, maar die ekonomiese noodsaak daarvan word wel erken.

Nog veelseggender is die skok van die leraar wat terugdeins as hy die hartbeeshuisie van die Sitmans binnegaan:

Hy het armoede gesien van naby en in velerlei vorm, maar die koue feit van ontarding hier voor hom, maak sy vaardige tong traag om die gewone groet uit te spreek. Sy Afrikanerhart bons met heftige slae. Dis Afrikaners hierdie wat so lewe en dis vir hom so duidelik dat selfrespek lankal die krot verlaat het. Hier moet 'n Christen met 'n hand van yster knyp (69).

Philip John meen dat die skrywer in hierdie toneel 'n opvoedkundige oplossing gee: "Uiteindelik word dit tydens 'n besoek van die dominee duidelik gemaak dat 'opvoeding' die enigste uitweg is wat sal verhoed dat 'onskuldige kindertjies tot misdadigers opgroei' [66]" (John 1991: 117). Daar is natuurlik genoeg motivering om hierdie interpretasie te aanvaar, maar daar is nog iets meer wat 'n mens verder laat problematiseer.

Die toneel in Sitman se krotwoning laat 'n mens werklik verder oor die huise dink en interpreteer as net in beperkte argitektoniese terme. Wat mag die bedoeling wees van die beskrywing van die indruk wat 'n krot op die leraar/dominee maak? Wat is die betekenis van hierdie ruimte en van Van Bruggen se verkenning van die ontarding van die uitgeboerde boere? Ek stem met John (1991) saam dat die outeur in sy literêre teks die opvoeding as oplossing aanbied, maar die outeur slaag nogtans nie heeltemal daarin nie.

Ten eerste word die graad van oortuiging verswak of selfs ongedaan gemaak deur die beskrywing van die ontluikende moederliefde van Bettie Sitman. Sy dink nie verder na oor die redenasie van die dominee nie:

Maar moedertjie, dink aan hulle lewe; daardie kleintjies, wat moet grootword in julle ongekende armoede — en wat sal dan van hulle in die toekoms word? Kan jy die sorg op jou neem? (70).

Sy wil haar kinders wat God vir haar gegee het nie aan mense afstaan nie:

En druk die babetjie vas en kyk vol wilde liefde na die onnosele Sitmantjie in haar arms en merk skaars dat die twee somber gedaantes weer in die deur buk om uit te gaan (70-1).

Teen hierdie uitbarsting van emosies en egte moederliefde is geen opvoedkundige argumente opgewasse en geen oorredingskuns bekwaam nie — die twee goedbedoelende besoekers verlaat die krot. 'n Mens kan net tot die gevolgtrekking kom dat Van Bruggen hierdie situasie taamlik ongelukkig vir sy opvoedkundige opset gekomponeer het.

Ten tweede is daar nog 'n ander leemte in die tekening van die Sitmans. Die ontaarding van Sitman word duidelik gemaak wanneer hy hom aan diefstal skuldig maak en dit word treffend geïllustreer in die toneel waar De Klerk hom met eiers in sy hande betrap.

Jong! Op die plek trap jy! En as ek jou weer op my werf kry, sal ek jou laat vang soos 'n slegte Kaffer! (66).

Dit laat my besin oor die opmerkings van die verteller aangaande die swartmense en hulle ontwikkelingsstadium (43-4). Dit maak — volgens die verteller — selfs lyfstraf noodsaaklik want “Die Kaffer se eerbied vir die boer het verdwyn, omdat die tug belet is, wat 'n boer vroeër kon uitoefen.” (44). Grové & Strydom (1985: 11) noem dit “die betogende ingryp” en “growwe didaktiese passasies” van die “patroniserende belangstellende” wat “met voordeel uit Van Bruggen se werk” weggelaat kon word maar hierdie dimensie is myns insiens 'n baie interessante aspek van *Bywoners*. Hoewel dit net 'n soort uitbreiding in die verhaal is, maak dit tog 'n deel uit van 'n groter “didaktiese” — of soos John dit wil hê — “opvoedkundige” opset wat nie meer die swartmense insluit nie maar veral op die Afrikaners fokus.¹⁴

14 In die verhaal word daar eintlik nie tot 'n konfrontasie tussen die blanke en swart boere gekom nie en Van Bruggen — om ewewig te behou — probeer om die saak te besleg deur sy growwe uitval teen die “kafferwerksvolk”. Die naaste kontak tussen die rasse is die swartmense se opmerklike reaksie op die oesfees waarby hulle tog buite die gesigsveld van die leser gehou word. Die beangstigende “kaffergeraas” (48, 49, 54) wat oor die rante te hoor is en in die aand toeneem, word aanvanklik ironies “'n ‘tea meeting’” (48) genoem en ten slotte as 'n “wilde suiprumoer” (49) bestempel. Die swartmense se aanwesigheid agter die rante werp 'n skadu van “swart gevaar” op Hendriena de Klerk (48-54) en wanneer daar nog ander aaklige naggeluide bykom, soos die skreeu van 'n uil, kry sy 'n aanval en val bewusloos neer.

Belangrik vir die onthulling van die “didaktiese” opset van *Bywoners* is om in gedagte te hou dat dit drie vlakke omvat: die beskrywings van situasies en beelde (waar verskillende elemente soos bv huise ’n rol speel); verskillende opinies wat die karakters lug of partykeer in die verbygaan sê¹⁵ en die verteller se eie direkte ingryp en veralgemenende toeligtings. Nadat daar in die voorafgaande paragrawe veral op die vlak van beskrywing gewys is, word daar ter afsluiting aandag op die laaste vlak gerig. Omdat Van Bruggen se beskrywing van die wantoestande realisties is maar versag word deur humor en ironie, is daar bygevolg op die eerste vlak geen plek vir die formulering van ’n konkrete aanklag nie. Dit is moeilik en dalk onmoontlik om hiervoor redes aan te voer of oplossings voor te stel. Die resultaat is dat daar ’n korrektief toegepas moet word byvoorbeeld in die vorm van ’n ingreep met direkte “didaktiese” kommentaar. Party van die kommentare het die vorm van buitengewone uitleg soos die fragment oor die lyfstraf wat die swartmense “benodig” (44), ander is weer verwerk as klein toeligtings sonder dat hulle baie afbreuk doen aan die verteller se teks, soos die volgende:

Tallose klein kwellings is daar wat hinder en die humeur knyp. Self-gemaakte kruise, omdat voorligting en onderwys hulle nooit die heil en voordeel van ’n lewe waarin orde en reël alle las help oplig, geleer het nie. Hulle het huisgesinne, ’n eie boerdery en baie ekstra werkies om te verrig, ook in die palste plaaswerk vir oom Andries (30).

Elize Botha (1987: 46) praat in hierdie konteks van ’n getempered realisme wat dit moontlik maak om die intrede van die verteller/outeur met sy sterk maatskaplike bewussyn te sien as ’n “kunsgreep” waardeur nie net die personasies meer simpatiek voorkom nie maar ook die leser tot nadenke gebring word. Maar ’n mens kan dit ook wyer in die opset plaas wat John (1991: 116-7) “opvoeding as oplossing” noem: ’n teks soos *Bywoners* maak dit duidelik dat die doelgroep van hierdie “opvoeding” die armblanke of Afrikanerwerker is.

Oor die algemeen gaan dit op alle genoemde vlakke oor die moeilikhede en tegelyk oor die noodsaak om “as ’n witman [te] lewe”

15 ’n Tipiese voorbeeld van die onthulling van die didaktiese opset is die vermelding van die Vrouemonument “wat baie van ons geskiedenis vir ons vertel en werd is om te ondersteun” (61) of die verdediging van die myne deur Alwyn de Klerk (wat aan die “myntering” ly!) as werkgeleentheid vir verarmde Afrikaners (26).

(28). Eers dan gaan dit om die Afrikanerdom. Selfs in die geval van Jaap Gouws wat na die myne gaan en later sy mense kom groet voor hy na Duits-Oos vertrek, is daar tekens van etniese mobilisasie. Ook al kom hy aan in 'n volksvreemde gedaante — “gladgeskeer, met rybroek en kamaste en met al die windmaak van sy nuwigheid” (72) — vertel hy dat hy gaan “join” (73) vir Duits-Oos as gevolg van 'n argument met die “sjifbaas” (72): “Ja neef Niklaas, jong! Ek is 'n Afrikaner en ek laat my nie beledig deur 'n Engelsman nie en ek en die 'sjifbaas' is toe aanmekaar!” (72).

Die volgende aanhaling kan dien as 'n ander, dalk beter illustrasie van die etniese mobilisasie in *Bywoners*:

Behalwe die vernielkrag van die elemente, wat gedurig sy [die boerse] verwagtings beheers, is die wetteloosheid van die natuurlikste werkkrag, wat Suid-Afrika kan lewer, die spook, wat 'n vooruitstrewende boer buite kan rondja. 'n Blanke wat nie pal werk nie, ont-aard, maar 'n Kaffer floreer sonder werk (43).

Dis een van die formulerings wat in 'n preektoon oorgedra word en wat Schoonees (1922: 171) “onletterkundige opmerkings” noem. Maar dit is ook duidelik dat dit hier om 'n uitlating gaan wat die leser van toe moes voorberei op die ontvangs van die Sitmans se ont-aarding twintig bladsye later en dit moes ook voorkom dat hulle wat geen “heidings” (67) is nie maar wat deur die omstandighede gedwing word om soos heidene te lewe, nie met die swartmense gelykgestel word nie. Met ander woorde, die siening van swartmense baken die siening van bywoners af. Daar sou met reg gevra kon word of die outeur slaag in sy doel.

In die narratologie word gepraat van personasies wat in opposisie teenoor mekaar opgebou word: hulle vul mekaar aan omdat een swak is en die ander sterk, die een lui en die ander werksaam, ens. Partykeer kom dit voor dat meer karakters dieselfde eienskappe toon; hulle is dan sinonieme personasies. Die karakterisering van 'n personasie is nie beperk tot wat die teks self aanbied nie, ook die voorkennis van die ontvanger, in hierdie geval die leser, bepaal die waarneming van die wêreld wat in 'n boek voorgestel word. Dit wil voorkom asof die bywoners en die swartmense (wat geen handelende karakters is nie maar darem tog aanwesig is in die boek) in hierdie betekenis sino-

nieme personansies is. (Die verskille wat daar is, ontstaan alleenlik as verskille in kwalifikasies deur funksie wat die karakter vervul).

Dit is opmerklik dat daar ten spyte van die inspanning van die outeur, die kritiese woorde wat aan die adres van die swartmense gerig word, tot 'n hoë mate van toepassing is op die bywonersgesin, Sitman. Neelsie — wanneer dit met hom net 'n bietjie beter gaan sedert hy by De Klerk is — het glad nie lus om te werk nie. Nadat kritiek uitgespreek word op “die Kaffer [wat] Maandae en Dinsdae siek lê” (43) word De Klerk een [*sic*] bladsy later kwaad vir Sitman se “gelêery” heeldag by die huis (46). Wanneer De Klerk vir hom vra hoekom hy nie ploeg nie en waarvan hy wil lewe, antwoord Neelsie: “om jou die waarheid te sê, neef Alwyn, ek het nog nie so ver gedink nie” (47). De Klerk wat 'n “Kaffer” slegs na een week wegjaag omdat die swartman “se begrip van dagwerk op die plaas [...] baie verskil van sy baas se opvatting daarvan” (38), moet later Sitman verdra wat “skaars een volle dag in die week sy plig in die boerdery” vervul (47). Op die meeste plekke wanneer Sitman op die voorgrond tree, is hy altyd besig om “kunsies” te bedink “om tog maar nooit aan die werk te kom nie” (Schoonees 1922: 171). En die hartbeeshuisie word met die verloop van tyd al meer dikwels “krot” (68) en selfs “kafferkrot” (64) genoem.

Ontleed 'n mens die boek krities, verraai die teks sigself wanneer Sitman met sy aangeleerde onbeholpenheid baie soos die reeds gekritiseerde “Kaffers” lyk. Die mentaliteit wat Van Bruggen se generasie dikwels aan die swartmense toegeskryf het, is kenmerkend van hierdie blanke bywoner. Vandag kan dit beskou word as die meerwaarde van die skerp waarnemingsvermoë waarvoor Van Bruggen deur die ou kritici geprys is. Ten spyte van die skerp uitlatings oor die swartmense se vermeende gebrek aan arbeidsetos en die ironies-gemoedelike toon wat die genadelose kritiek op blanke boere versag, bevat die teks vir die tydgenote van die outeur 'n meedoënlose kyk op die “eie mense”. Wat swaar weeg, is die saamvloei van beelde van blankes wat leeglê en swartes wat leeglê; dié beelde hef mekaar tot op 'n sekere hoogte op. Die leser van vandag kan ook sê dat Van Bruggen sy eie argumente teen die swartmense ontwapen deur Sitman op hierdie spesifieke manier te modelleer of, andersom, dat die waarheid oor die swartmense hier *sub contrario* getoon word — as sy eie teenoorgestelde.

Hiervan kan 'n mens aflei dat die novelle *Bywoners* vir Jochem van Bruggen 'n soort verkenning van die akute sosiale problematiek was. Ten spyte van die uitlatings van die ouer kritici dat *Bywoners* "in die grond van die saak niks minder 'n geïdealiseerde beeld van die werklikheid [is] as wat *Teleurgestel* dit was nie" (Grové 1965: 25-6), blyk uit my analise dat dit anders is. Deur in te gaan op die sosiale strata onder die Afrikaners en deur 'n onderskeid te maak tussen verskillende houdings van die bywoners ten opsigte van die arbeid het Van Bruggen blyke gegee dat hy 'n sosiale outeur is. In *Bywoners* is reeds baie elemente aanwesig wat later as karakteristieke kenmerke van die Afrikaanse plaasroman sou geld.¹⁶ Dit is vir my duidelik dat die outeur se kritiek op toestande op die platteland nie net kritiek is van die kragte en magte wat buite die Afrikaner se bereik werksaam is nie. Ek stem dus nie saam met die opvattinge wat sê dat in Van Bruggen se werk "die eintlike doodsgeware [...] dáár buite" lê nie (Grové & Strydom 1985: 8), en neig tot die opinie dat *Bywoners* dit duidelik maak dat die eintlike objek van die opvoeding wat in die skryfhandeling na vore gebring is, die armblanke behoort te wees (John 1991: 117). Die aangehaalde opvattinge oor die ander (stad, myne, oorlog, swartmense, Jode ea) word konsekwent gebruik om 'n raamwerk te skep vir die kritiek op die geestesgesteldheid wat eie is aan baie "eie mense".

16 Ek gaan nie in op die deels gebrekkige en fragmentariese bewerking van die plaasroman nie; Schoonees (1937: 211) het dit saamgevat as 'n gebrek aan "samevattende verhaalplastiek".

Bibliografie

- BÖSCHENSTEIN-SCHÄFER R
1967. *Idylle*. Stuttgart: Metzler.
- BOTHA E
1987. *Prosakroniek*. Tafelberg: Kaapstad.
1999. Jochem van Bruggen (1881-1957). Van Coller (red) 1999: 644-52.
- BRINK A P
1980. Die prosa ná 1900. Lindenberg (red) 1980: 86-159.
- CLOETE T T (red)
1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- COETZEE A
1990. *Letterkunde en krisis. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Bramley: Taurus.
2000. *'n Hele os vir 'n ou broodmes. Grond en die plaasnarratief sedert 1595*. Pretoria/Kaapstad: Van Schaik/Human & Rousseau.
- COETZEE J M
1988. *White writing. On the culture of letters in South Africa*. New Haven: Yale University Press & Johannesburg: Radix.
- GROVÉ A P
1965. Jochem van Bruggen, die "realis". *Oordeel en vooroordeel. Letterkundige opstelle en kritiek*. Kaapstad: Nasou: 23-33.
- GROVÉ A P & S STRYDOM
1985. Inleiding. Van Bruggen 1985: 7-19.
- JOHN P
1991. Die Afrikaanse prosa, 1918-1926: brandpunt van die geboorte van 'n nuwe bewussyn. *Literator* 2(12): 107-20.
- KANNEMEYER J C
1965. *Jochem van Bruggen*. Monografieë uit die Afrikaanse Letterkunde, 8. Red A P Grové. Kaapstad: Nassou.
- KOCH J
2002. *Outsider onder de zijnen: vormen van xenofanie in die Afrikaanse roman*. Wrocław: Wydawnictwo Uniwersytetu Wrocławskiego.
- LE ROUX A
1987. Die plaas is verby. Onderhoud met E van Heerden. *Die Burger* 14 Januarie 1987: 6.
- LE ROUX T H
1982. *Die dagboek van Louis Trigardt*. Pretoria: Van Schaik.
- LINDENBERG E (red)
1980. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria-Kaapstad: Academica.
- LUBBE H & R WIEHAHN
2000. Die Afrikaanse plaasroman in die twintigste eeu. *Stilet* 12(1): 153-67.

Koch/*Bywoners* (1919)

PRATT M L

1992. *Imperial eyes. Travel writing and transculturation*. New York: Routledge.

ROOS H

1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. Van Coller (red) 1998: 21-117.

SCHOEMAN K

1988. *Na die geliefde land*. Kaapstad: Human & Rousseau.

SCHOONEES P C

1922. *Die prosa van die Twede (sic) Afrikaanse Beweging*. Pretoria: J H de Bussy HAUM.

1937. *Die prosa van die Twede (sic) Afrikaanse Beweging*. 3de druk. Pretoria: J H de Bussy HAUM.

SEYFFERT M C A

1992. Idille. Cloete (red) 1992: 177-8.

VAN BRUGGEN J

1985 (1965). *Drie prosastukke* [Bywoners, Org Basson, Die laaste stadium]. Pretoria: Van Schaik.

VAN COLLER H P

1995. Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika. Van Leuvensteijn (red) 1995: 236-50.

VAN COLLER H P (red)

1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, 1. Pretoria: Van Schaik.

1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, 2. Pretoria: Van Schaik.

VAN LEUVENSTEIJN E A (red)

1995. *Afrikaans in een veranderende context. Taalkundige en letterkundige aspecten*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.